## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Bertha Kok. |
| **Maandag**: | Johan Botha, Alita Brink. |
| **Dinsdag:** | Roelien Botha, Antoinette Nystad, Marie Siebrits, Cobus Snyman. |
| **Woensdag:** | Matthew Esterhuysen, Danie Gerryts, Leon van Wyk. |
| **Donderdag:** | Kate van Zyl. |
| **Vrydag:** | Riek Basson, Hilda Grové, Deon Latsky, Elani van Wyk, Sunél Quacquarini, Anna-Marie Stadler, Marie van Rensburg, Izak van Rooyen. |
| **Saterdag:** | Hanneke du Toit, David Maas, Bianca Schmidt, Athene van der Merwe. |

**HELDERBERG SENIORKLUB** kom op Dinsdag, 4 Februarie om 9:00 in ons kerksaal bymekaar. Die koste beloop R10 vir lede & R20 vir besoekers.
Danie Pienaar kom gesels oor die geskiedenis van Die Strand - waaroor hy 'n boek geskryf het. (Die boek sal teen R340 te koop wees.)
Alle afgetredenes hartlik welkom. Navrae: Apolonia Maritz 0825077091

**Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS** kom op Donderdag **6 Februarie** om 09:50 by die NG Moederkerk (Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes) bymekaar.
Ds Willem Botes kom gesels oor: "My lewe in die ou Transkei – die patos en die humor". Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15. Almal welkom. Lede: R20/Besoekers: R30

---

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.


**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI


Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 26 JANUARIE 2025**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die **derde Sondag na Epifanie**

| | |
|---|---|
| 09:00: | DS EWALD JANSEN VAN RENSBURG |
| SKRIFLESING: | LUKAS 4: 14-30 |
| TEMA: | VERBLIND VIR DIE BESTE NUUS OOIT |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

Hennie Fouché lei vanoggend 'n erediens by Stormhaven Aftreeoord



## KATEGESE VANDAG!

Graad R-3 tydens die erediens
Graad 4-7 na die diens in die Vergaderlokaal (kerkkantoor)
Graad 8-10 na die diens in die Familiekamer

**Kategete nodig vir die Graad R-3 groep**

**Vandag se deuroffer: Instandhouding van geboue**

Ons gemeentesentrum is nou 44 jaar oud, en vra al hoe meer instandhoudingswerk. Ons is só dankbaar dat ons oor al die fasiliteite beskik en ook dankbaar dat ons oor die jare nog altyd in staat was om dit goed te kan onderhou en ook opgradeer waar nodig. Dis ons groot begeerte om dit so te kan hou, sodat ons altyd dankbaar-trots kan bly op die geboue.
Vandag se deuroffer sal gebruik word om deel te vorm van die instandhouding wat gedoen moet word in hierdie jaar.

**Volgende week se deuroffer: Uitsending van eredienste**

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag:** | 19:00 | Bybelstudie (Familiekamer) - Openbaring |
| **Woensdag:** | 08:45 | Bybelstudie (Familiekamer) - Ester |
| | 10:00 | Bybelstudie by Huis Vonke - Ester |

## Skakel gerus in by 'n Bybelstudie– of Omgeegroep

Daar is verskeie geleenthede om saam met mede-gelowiges die Bybel te lees en daarin te delf, en enigeen is meer as welkom om daarby in te skakel. Daar is altyd 'n oop stoel vir iemand nuut!!
Op Woensdagoggende lees ons hierdie kwartaal die boek Ester, en op Dinsdagaande die boek Openbaring.
Daar is ook ander Bybelstudie– en Omgeegroepe in die gemeente. Kontak gerus die kantoor of een van die dominees as jy daarby wil inskakel.

**Mooiberge Bediening (Senior Lidmate)**

**Geleentheid om Bybelstudie te lei by Robari** (aftreeoord). Reeds vir baie jare word 'n weeklikse Bybelstudie (Dinsdae, 10:00) aangebied deur gemeentelede. Die tyd het nou aangebreek dat 'n volgende persoon/e hierdie aflosstokkie optel en verder dra. Dit kan ook meer as een persoon wees, wat mekaar aflos.

**Ook by Mount View** (versorging-sentrum) word weekliks - Donderdae om 10:00 - 'n kort geestelike boodskap aan die inwoners gebring. Daar is nou geleentheid vir iemand om op die eerste of vierde Donderdag van die maand op hierdie manier hóóp te bring vir hierdie inwoners.


As jy een van hierdie geleenthede wil aangryp, kontak gerus vir ds Hennie (0828595646) of die kerkkantoor



## ONS GAAN ALWEER BRAAI!

### Maak solank 'n aantekening:

Jaarlikse Gemeentebraai vir almal wat dit gedurende 'n weeksdag kan bywoon op **Donderdag 27 Februarie** - in die gemeentesentrum se tuin, onder die bome. Meer inligting hieroor volg.




## TIENDEMAAND DANKOFFERS

Mikpunt: R700 000
Reeds ontvang: R713 010

**ONS IS DAAR!**

**Spesiale Dankoffer-insameling**

**Baie dankie** aan elkeen wat reeds hulle dankoffer gegee het. Dit is en bly 'n voorreg om ook op hierdie manier mekaar se hande te vat.

Jy kan jou dankoffer elektronies oorbetaal (NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA tjekrek; 2900590051; Verw: 10de Maand), in 'n koevert plaas en in dankoffer-houer laat of Snapscan.

## Kom kuier saam!

Hierdie is 'n geleentheid om mekaar te leer ken en saam te kuier - een maal per maand op 'n Dinsdag (meestal die tweede Dinsdag van 'n maand). 10:00 in die Familiekamer.
**Die eerste byeenkoms is op 11 Februarie.**

**Carel van der Merwe - Beursfonds**

Die eerste dominee van ons gemeente, Ds Gerjo van der Merwe, se seun, Carel, het in 1979 in 'n ongeluk gesterf. 'n Bedrag geld is aan ons gemeente deur Carel se ma geskenk. Die geld is destyds deur die Kerkraad belê en daar is besluit om die rente op hierdie belegging jaarliks as studie-beurs aan ons gemeente-kinders beskikbaar te stel.
Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2025 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor ingehandig word.
***Sluitingsdatum vir aansoeke: 28 Februarie 2025.***